# Hemelvaart diens



**2024-05-09**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Inleiding

Hoekom moes Jesus opvaar na die Hemel?

Jesus se werk sou nie voltooid gewees het, as Sy hemelvaart nie plaasgevind het nie.



2

## Jesus is nou aan die regterhand van God

Hand 7:55  Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.

Hand 7:56  En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.

Joh 17:5  En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

**Herstel tot Sy regmatige plek**
**Verheerlik.  Regterhand van God**

1 Pet 3:22

3

## Skriflesing

Luk 24:49  En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.
Luk 24:50  En Hy het hulle uitgelei tot by Betánië. En Hy het sy hande opgehef en hulle geseën.
Luk 24:51  En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.
Luk 24:52  En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap.
Luk 24:53  En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank. Amen.

4

## Skriflesing

**Hand 1:1** Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus
begin doen en leer het 2 tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan
die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;
3 aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens,
terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van
die koninkryk van God gespreek het. 4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy
hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die
belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. 5 Want Johannes
het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank
ná hierdie dae nie. 6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in
hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? 7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle
nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het
nie; 8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal
my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die
uiterste van die aarde. 9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit
sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. 10 En toe hulle nog stip na die
hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, 11 wat sê:
Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle
opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar
het.

5

## 40 dae

40 dae vanaf Jesus se opstanding tot by Sy hemelvaart.

Voorbeelde van 40 dae:

- God stuur reën vir 40 dae en nagte (Noag).
- Israel wandel in die woestyn vir 40 dae.
- Moses op die berg Sinai vir 40 dae in God se teenwoordigheid.
- Die verspieders spandeer 40 dae om Kanaan te bespied.
- Goliat daag die volk uit en vervloek God vir 40 dae.
- Elia reis vir 40 dae nadat die engel vir hom kos gebring het.
- Jesus was versoek deur die duiwel vir 40 dae.
- Die Bybel het 40 verskillende skrywers.

6

## Waarop fokus Jesus voor sy vertrek.

Hand 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?

- Volgelinge wil weet of Jesus Sy koninkryk gaan oprig?

Hand 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;

Hand 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

- Jesus fokus op Sy opdrag aan ons en die toerusting.

7

## Hoekom was dit voordelig dat Jesus weggaan?

Joh 16:7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;

- Dis beter vir ons.
- Ons het nou Jesus se geestelike teenwoordigheid binne ons. Hy woon binne ons deur die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees leer ons, verander ons, gee ons krag.

8

## Die ander Trooster / Gees van die waarheid

Joh 14:15 As julle My liefhet, bewaar my gebooie.
Joh 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:
Joh 14:17 die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.
Joh 14:18 Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

9

## Jesus is nou by en in ons elkeen.

Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

**"You ascended from before our eyes, and we turned back grieving, only to find You in our hearts."**

**Augustine**

10

## Groter dinge….

**Joh 14:12** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

11

## Ons moet besig gevind word

Hand 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

Luk 24:52 En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap.
Luk 24:53 En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank. Amen.

12

## Berei jouself voor oor die volgende 10 dae

**Hand 1:4** En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.

13





14